Mikro Graad R : Tema - Emosies

Dag 1: 11 Mei		
Leerarea	**Opdrag**	**Benodighede**
Breinoefeninge (LV)	Vou 'n A4 bladsy in die helfte. Teken aan die regterkant met jou regterhand enige 2 vorms. Teken dan dieselfde vorms aan die linkerkant met jou linkerhand (en lag dan lekker).	Breinoefening video Wit A4 bladsy, kryt
Wiskunde	1. Tel van 1 tot 20 terwyl jy op twee voete voorentoe spring. Tel nou van 10 af terug terwyl jy met twee voete agteruit spring. 2. Staan nou stil en mamma gee instruksies: • 2 tree voorentoe. • 5 tree agtertoe. • 9 tree voorentoe, ens. (Van 1 -10) 3. Kom ons kyk na die: • Dae van die week • Maande van die jaar 4. Hersien getal 5: • Wie bly in huisie nommer 5? • Wie bly in huisie nommer 4? • Hoeveel meer diere is in huisie nommer 5 as in nommer 4? • As 1 van die apies by die kameelperde gaan kuier, hoeveel apies is daar oor in huisie nommer 5?	1. Net jouself en mamma. 2. Net jouself en mamma. 3. PowerPoint van Wiskunde Dag 1 4. PowerPoint van Wiskunde Dag 1 5. PowerPoint van Wiskunde Dag 1 6. PowerPoint van Wiskunde Dag 1 7. Sfeer vorm en kubus vorm in die huis.

	• Hoeveel diere sal daar nou in huisie nommer 4 wees? 5. Hersien vorms met 'n lyfie – Kubus: • Watter vorm is dit ? • Wat noem mens dit as die vorm 'n lyfie kry? • Hoeveel kante het die vorm? • Hoeveel hoeke het die vorm? 6. Vergelyk sfeer en kubus. • Watter een het hoeke? • Watter een is rond? • Het die sfeer kante? 7. Soek solank in die huis een ding wat soos 'n sfeer en een ding wat soos 'n kubus lyk vir môre.	
Huistaal	Maak die **Kammaland-t PowerPoint** oop. I. Hersien klanke 2. Luister en kyk na die storie 3. Beantwoord vragies: Watter nuwe klankie het ons vandag geleer? Sê 't' 5 keer hardop.	Kammaland-t PowerPoint
Bespreking (LV)	<u>Besprekingspunte</u>: Wat is emosies? 5 Hoof emosies: gelukkig, ongelukkig, walg, woede, vrees Insidentele lees en nabootsing Hoe laat die prentjie jou voel? Gedagtes en gevoelens Gelukkig: verskillende emosies (laf, verspot, bly, tevrede)	Maak die **Emosies Dag I** PowerPoint oop.

Kreatief (LV)	Vriendelike gesig: Teken 'n groot sirkel op 'n wit A4 papier wat dien as die kop. Leerders teken oë, wimpers, wenkbroue, neus, ore, en 'n groot mond. Skeur en plak die mond met rooi papier. Leerder kan 'n afval stukkie papier rooi inkleur en plak. Of selfs koerantpapier gebruik. Kleur gesig verder netjies in. Hou werkie vir die volgende dag.	• 1x Wit A4 papier • Potlood en kryte • Gom/pritt • Rooi papier/koerantpapier
Dag 2: 12 Mei		
Leerarea	**Opdrag**	**Benodighede**
Breinoefeninge (LV)	Speel met boetie of sussie: Met my kleine ogies sien ek...	Breinoefening video Jy en boetie/sussie/iemand anders
Wiskunde	1. Tel van 1 -20 terwyl jy en mamma vir mekaar 'n bal rol. Bons die bal terwyl jy terug tel van 10 af. 2. Mamma noem 'n getal (1 – 10), jy bons die bal die aantal kere. Na elke keer vra mamma wat kom voor die getal en wat kom na die getal. 3. Mamma sit die sfeer en kubus wat jy gister gevind het in 'n sak of onder 'n kombers. • Voel nou, sonder om te loer, en raai watter vorm is watter een. • Mamma vra hoekom jy so dink? • Moedig kind aan om eienskappe van die twee voorwerpe te noem, bv. Ek dink dis 'n sfeer, want hy het geen hoeke nie of	1. Bal 2. Bal 3. Sfeer en kubus voorwerpe en 'n kombers of 'n sak. 4. Sfeer en kubus voorwerpe. 5. Getal, kol en naamkaarte van 1 -5 en 'n kubus wat jy soos 'n dobbelsteen kan gooi.

	dis 'n kubus want hy het 6 kante. 4. Pak die twee voorwerpe op die grond en mamma gee instruksies: • Sit jou hand onder die bal. • Sit jou voet op die kubus. • Sit die kubus op jou kop. • Sit die bal onder jou voet. 5. Pak getalle, getalname en kolkaarte van 1-5 op die vloer neer. Gooi die kubus en noem die getal waarop hy land.	
Huistaal	1. Gebruik die t-klank robotkaart en maak 'n 't' uit klei. Volg met jou vinger bo-oor die klei. 2. Skryf 'n 't' in die lug en op mamma se rug. 3. Soek 5 goed in die huis wat met 'n t begin. 4. Memoriseer dit en mamma vra later weer wat was die 5 woorde.	T-klank robotkaart PDF Jou huis
Bespreking (LV)	<u>Besprekingspunte:</u> Ongelukkig Wat beteken dit as jy ongelukkig is? Hoe reageer jy as jy ongelukkig is? Wat kan jy doen as jy hierdie emosies ervaar? Wat kan jy doen as iemand anders hartseer is?	Maak die **Emosies Dag 2** PowerPoint oop.
Kreatief (LV)	Hare vir gesig-prent: Mamma trek lyne op 'n wit A4 bladsy. Leerders kleur elke deel 'n ander kleur in. Knip elke strook mooi netjies op die lyn uit. Leerder rol elke strook om 'n kryt en tel tot 10 voordat hul los. Plak die gekrulde strook bo die gesig as hare. Doen	• 1x Wit A4 papier • Liniaal en potlood • Kleur kryte

	so met elke strook.	• Skêr • Gom/pritt

Dag 3: 13 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefeninge (LV)	Frommel 'n papier op tot 'n klein stywe bal met een hand agter jou rug. Ruil dan hande en herhaal.	Breinoefening video 2 Afvalpapiere of van 'n ou tydskrif.
Wiskunde	1. Tel van 1 -20 terwyl jy regtervoet stamp. Tel terug van 10 terwyl jy linkervoet stamp. 2. Gebruik 'n getallelyn (1 – 10) en enige teller (klippie, doppie). Mamma vra: • Wat kom voor 9? • Wat kom voor 6? • Wat kom voor 4? • Wat kom na 7? • Wat kom na 5? • Wat kom na 9? • Wat kom tussen 2 en 4? • Wat kom tussen 7 en 9? • Wat kom tussen 1 en 3? Gebruik die teller om die antwoord op die getallelyn aan te dui. 3. Kom ons kyk na die:	1. Jouself. 2. Getallelyn en doppie, klippie of enige teller. Voorbeeld van getallelyn op papier geteken. 3. PowerPoint van Wiskunde Dag 3. 4. PowerPoint van Wiskunde Dag 3. 5. Jy mamma en jou speelgoed.

	• Dae van die week • Maande van die jaar 4. Meting • Wat is lengte? • Hoe beskryf ons lengte? • Hoe meet ons lengte? 5. Speletjie – Gebruik jou speelgoed wat jy gemeet het en mamma vra: • Watter een is die langste? • Watter een is die kortste? • Watter een is langer as die ander een? • Watter een is korter as die ander een?	
Huistaal	1. Wys t-klank robotkaart PDF. Vra watter klankie dit is. Skryf klank met vinger op robotkaart. Maak die t-prente PowerPoint oop. 2. Kind identifiseer die prent deur die t-woord te sê. 3. Dan is daar 'n speletjie: Wanneer die prentjie met 'n 't' begin, wys 'n "thumbs up". Indien nie, wys dan 'n "thumbs-down".	T-klank robotkaart PDF T-prente PowerPoint
Bespreking (LV)	<u>Besprekingspunte:</u> Walg Verskillende emosies wat walg navore bring / gevolge. Hoekom ervaar ek jaloesie?	Maak die **Emosies Dag 3** PowerPoint oop.

	Meer oor jaloesie en wat dit vir jou en ander inhou. Wat kan jy doen as jy walg ervaar?	
Kreatief (LV)	1. Balans – Stap op 'n lyn: Mamma/pappa span 'n lang stuk tou op die vloer. Om dit makliker te maak dat die tou nie beweeg en rond skuif nie, kan dit vasgeplak word op plekke. Leerder stap nou hak-toon op die tou. Om dit meer speels te maak, kan u vir u kind sê dat daar krokodille is wat hulle gaan byt as hulle aftrap. 2. Plaas 'n wasgoedmandjie/emmer ongeveer 2 – 3m van die leerder af. Frommel 'n klein foelie balletjie en gooi dit 10 keer in die wasgoedmandjie/emmer. 3. Kyk na die video van 'If you happy and you know it'. Sing en dans lekker saam https://www.youtube.com/watch?v=WiDRpk9Ii9I	• Stuk tou/breë kleefband • Wasgoedmandjie/emmer • Stukkie foelie vir 'n foelie balletjie • Video van liedjie

Dag 4: 14 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefeninge (LV)	Mamma skryf jou naam groot op 'n A4 papier en kind pak dit vol droë pasta/bone.	Breinoefening video A4 bladsy met naam groot opgeskryf. Droë pasta of bone.
Wiskunde	1. Jy tel van 1 – 20 terwyl mamma, pappa, boetie of sussie wegkruip. Tel van 10 af terug terwyl mamma haar oë toemaak en jy jou speelding wegsteek. 2. Gaan haal 5 botteltjies in die kas of yskas en rangskik hulle	1. Jouself en mamma, pappa, boetie of sussie. 'n Speelding. 2. Vyf botteltjies van verskillende lengtes in die yskas of koskas.

	van lank na kort. Skommel die botteltjies weer en pak van kort na lank. 3. Kom ons kyk na die: • Dae van die week • Maande van die jaar 4. Wat is simmetrie? 5. Mamma vra vragies: • Wat beteken simmetrie? • Is die kant dieselfde as daardie kant? 6. Kyk na die prentjies op die PowerPoint en kies sy ander helfte. 7. Mamma teken die volgende 3 prentjies se een helfte op papier en jy voltooi die ander helfte: • kat • vlinder • huis	3. PowerPoint van Wiskunde Dag 4 4. PowerPoint van Wiskunde Dag 4. 5. PowerPoint van Wiskunde Dag 4. 6. PowerPoint van Wiskunde Dag 4. 7. Swart potlood, papier en 'n liniaal.
Huistaal	Ouditiewe oefening: Maak die T-storie Powerpoint oop. 1. Kind luister na die storie (bl. 1). 2. Kind luister weer die storie, maar klap elke keer as daar 'n woordjie is wat met 't' begin. 3. Lees die prente-storie (bl. 2) en wys vir die leerder. Hy sê die t-woord van die prentjie. (Daar is 'n klankopname by)	T-storie PowerPoint

Bespreking (LV)	<u>Besprekingspunte:</u> Woede Verskillende vorme van woede? Verskillende emosies wat woede navore bring / gevolge. Meer oor woede en wat dit vir jou en ander inhou. Wat kan jy doen as jy woede ervaar? Wat kan jy doen as iemand anders woede ervaar?	Maak die **Emosies Dag 4** PowerPoint oop.
Kreatief (LV)	t-kroon: Vou 'n wit A4 papier in die helfte. Leerder teken 3 prentjies bo en 3 prentjies onder wat met 'n t klank begin. Mamma/pappa skryf elke tekening met kolletjies. Leerders skryf dit na. Knip op die gevoude lyn. Kram die 2 dele aanmekaar volgens kind se kop om 'n kroon te maak.	• 1x Wit A4 papier • Potlood en kryte • Skêr • Kramdrukker en krammetjies

Dag 5: 15 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefeninge (LV)	Bou legkaart: 35+ stukke.	Breinoefening video Legkaart van 35+ stukke. Indien julle nie 'n legkaart het nie, kan 'n prent opgeknip word in 35 stukke.
Wiskunde	1. Pak 1 – 5 se getal, kol en naamkaarte in rye op die vloer. Sit elke getal se kaarte bymekaar en gaan haal genoeg klippies, karretjies of enige tellers om die getalle uit te pak. • Bv. By die eerste ry sal dan 1 se getal, kol en naamkaart wees sowel as 1 klippie of karretjie, ensovoorts. 2. Staan nou in nommer een se ry. Mamma gee instruksies: • As jy 1 lekker het en jy kry nog twee by, hoeveel lekkers het jy?	1. Getal, kol en naamkaarte van getalle 1 – 5. Klippies, karretjies, poppe of enige ander tellers. 2. Jouself en mamma. 3. PowerPoint van Wiskunde Dag 5. 4. PowerPoint van Wiskunde Dag 5.

	• As jy 2 lekkers het en jy kry nog 3 by, hoeveel lekkers het jy? • As jy 4 lekkers het en jy eet 3 op, hoeveel het jy oor? • As jy 5 lekkers het en jy eet 2 op, hoeveel het jy oor? (beweeg elke keer na die regte getal se ry) 3. Kom ons kyk na die: • Dae van die week • Maande van die jaar 4. Kyk na die plakkaat en beantwoord die volgende vrae: • Hoeveel driehoeke sien jy? • Hoeveel sirkels is daar? • Is daar meer vierkante of sirkels? • Watter kleure sien jy? • Sien jy enige ander vorms wat ons nog nie genoem het nie? • Wat noem ons 'n sirkel wat 'n lyfie kry? • Wat noem jy 'n vierkant as hy 'n lyfie kry? 5. Bou saam met mamma 'n kort hindernisbaan. Julle kan kussings, stoele. tou, en speelgoed gebruik. Mamma gee vir jou instruksies. • Bv. Beweeg onder deur die stoel. • Klim op die kussing of teddie, ens. Voltooi die hindernisbaan soveel keer as wat jy will!	5. Kussings, speelgoed, stoele of enige ander items in huis om 'n hindernisbaan mee te bou.

Huistaal	1. Hersien alle klanke- skryf klanke een vir een in skeerroom/sand: w, v, m, n, r, l, h, t 2. Met elke klankie vra Mamma dat kind sê: I woord wat met die klank begin. I sin met daardie woord in.	Skeerroom- indien dit nie beskikbaar is nie, kan sand gebruik word.
Bespreking (LV)	<u>Besprekingspunte:</u> Vrees Hoekom ervaar jy vrees? Verskillende emosies wat vrees navore bring / gevolge. Belangrikheid van vrees. Wat kan jy doen as jy vrees ervaar?	Maak die **Emosies Dag 5** PowerPoint oop.
Kreatief (LV)	Leerder kan die film "Inside out" kyk wat handel oor verskillende emosies.	

Luister en Leer (Tuisprogram – Groenboek)
Voltooi en haal in tot Week 14 bl. 30 – 31